

ONS KATOLIEKE ERFENIS

Die ryke erfgoed wat ons ontvang het van die Apostels deur die vroeë Kerk en wat oor die eeue heen volwassenheid bereik het: daardie geloofswaarhede, liturgiese gebruike, onderliggende teologie en ryke spiritualiteit wat ons kinders van God maak.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis

EK glo in God, die almagtige Vader,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus,
sy eniggebore Seun, onse Here,
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die Maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig, gestorwe en begrawe is;
wat neergedaal het na die doderyk,
die derde dag
weer opgestaan het uit die dode,
opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God,
die almagtige Vader;
vanwaar Hy sal kom om te oordeel
die lewende en die dode.
Ek glo in die Heilige Gees,
die Heilige Katolieke Kerk,
die gemeenskap van die heiliges,
die vergifnis van sondes,
die wederopstanding van die vlees,
en die ewige lewe. Amen.

